

Reflections  
*Lewende Hoop*



RENE SAMMADO

# Reflections Lewende Hoop

**Afrikaans  
Deel 1**

Eerste Uitgawe

Bydraende outeurs:

Tillie Ellis, Everline van Dyk, Jopie Koen, Esther Veldman

Taalversorg en vertaal deur:

Barbara Bradley

Gepubliseer deur:

**ear2hear Ministries**

Pretoria

# Voorwoord

Skepping is God se palet van uitdrukking. Hy het soveel wonderlike beginsels aan ons onthul om ons te bemoedig en versterk. Neem nou maar die kat, 'n elegante en pragtige dier. Maar moenie dat sy uiterlike jou mislei nie. Daardie selfde dier is ontwerp vir spoed, soepelheid, vindingrykheid en oorlewing. Wetenskaplikes sê dat katte van groot hoogtes af kan val. Voor hulle die grond tref, kan hulle hulle liggame omdraai om sagkens op hulle voete te land.

God het vroue ook ietwat van 'n skeppings-wonderwerk gemaak. Hulle is sterker as wat die gediggies oor dogtertjies se broosheid ons mag laat dink. Vroue is pragtig, intelligent en in staat tot soveel dat 'n kort boekie soos hierdie nie genoeg is om die vroulike natuur vas te vang nie. Maar soos alles in die natuur, het vroue ook hulle “swakhede” en “swak punte”; die meeste van die tyd word hierdie “swakhede” and “swak punte” ongenadig uitgebuit deur die wêreld en deur ons vyand, Satan. Wat so wonderlik geskape is, word dus stadig afgebreek. Vir die baie vroue wat die laste en gebrokenheid van die lewe dra, is daar ook 'n belofte om aan vas te hou - dieselfde een wat die hoop van die ganse mensdom is. Wie hulle hoop op Jesus Christus vestig sal nie aanhou val nie, maar eerder, soos die kat, op hulle voete val. Jesus belowe ons dat: *“Almal wat die naam van God aanroep, sal gered word ...”*

Ten spyte van al die seerkry en swaarkry wat jy ondervind het, is jy nogtans gemaak vir 'n groter en mooier doel. Moenie dat daardie doel jou ontwyk nie. Moet jouself nie toelaat om langer te val nie. Vind hoop in 'n lewende God en laat Hom toe om jou terug te plaas op jou voete.

## Hebreërs 13:5 - 6

*Hy het gesê: 'Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie'. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: 'Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?'*

### Te Laat

Alleen sit sy in die hoekie  
Soos 'n verskrikte voëltjie  
Knieë styf teen haar liggaam opgetrek  
Oorlewing die enigste doelwit  
Verskrikte oë tuur die nag in  
Liggaam ruk vir elke geluid  
Stilletjies... Loop die trane oor haar wange

Alleen in haar smart  
Liggaam bewend  
Dieper skyf sy in die skuiling in  
Wanhoop afgebeeld op haar gesig  
Haar oë gaan stadig toe  
Droom van 'n kaggel en omgee  
Sagte hande wat haar aan raak  
'n Sagte kombars snoesig om haar gevou  
Hitte sypel deur haar koue liggaam  
Vrede omvou haar  
Vinnig maak sy haar oë oop  
'n uitroep van verbasing  
"Julle het my gevind"  
Verligting skiet deur haar  
Soos 'n bliksemstraal  
Met 'n sug raak sy aan die slaap  
Die ambulans trek stadig weg  
Daar is geen haas nie





**'n swaard sal deur jou siel gaan\***

maar jy kon toe nie weet  
hoe skerp nie, Maria,  
hoe swaar jy jou seun  
sou moes afstaan nie

dit was Jesus wat moes sterf  
aan twee stukke hout

maar die dorings, Maria,  
het jou séún se kop laat bloei  
en die spykers, Maria,  
het jou séún se hande en voete deurboor

toe jy staan by die voet van daardie bitter kruis  
was jou trane sekerlik na  
aan dié van elke ander ma

*\*Lukas 2:35*

## **VROUE VAN DIE BYBEL**

Maria was 'n moeder. Geen moeder kan haar ooit die dood van 'n kind indink nie. Sy kon moed opgegee het, maar haar vertrouwe was in die Here haar God. So het dit gekom dat sy die eerste sou wees om Jesus uit die dood opgewek te sien.

Geen wonder dat die engel van haar gesê het dat sy *“geseënd onder die vroue was nie”* - nie alleen oor die Seun wat sy gedra het nie, maar ook oor die Geloof wat haar gedra het.



Depressie is 'n diep, donker put. Hulle lewensomstandighede het baie vroue daarin laat beland. Desperaat om te ontsnap, probeer baie onsuksesvol om daaruit te kom. Die volgende verhaal vertel ons van die innerlike stryd en konfrontasie van 'n kind van God met haar depressie. Sy beskryf haar ongelooflike, dramatiese redding toe Jesus lig, vertroosting en hoop in haar omstandighede gebring het.

 Die Kamer

*“En elkeen wat sy huis op die rots bou, daardie huis sal staande bly. Maar as jy jou huis op die sand bou sal jou huis vernietig word...”*

Een bed, een tafel, een stoel, een swart gordyn en een Bybel. Angstig sit ek op die bed en kyk met oë vol trane na die venstertjie. Die sterk wind ruk en ruk aan die arme ou venstertjie en die swart gordyn wapper en gee 'n ruk.

My venstertjie begin nou ruk! “Ag Here”, bid ek, “moet asseblief nie dat hy vandag oopwaai nie.” Die volgende oomblik ruk my venstertjie oop. Die wind tref my vol in die gesig en waai my onderstebo. “Nee Here!” skreeu ek uit. Alles in my kamer word rondgewaai en tref my seer op my lyf. Alles is so vreeslik seer. Ek gaan sit in die hoekie; bedek my lyf en my gesig huilend en moedeloos. “Here!”, roep ek uit, “wat is verkeerd? Ek bid tog. Ek moet nou glo. Waar is U woord?”

Die Here spreek Sy gedagte saggies in my hart: “al was jou geloof soos ‘n mosterdsaadjie; sal jy vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir jou onmoontlik wees nie...”

“Goed Here, ek gee alles aan U, maak nou maar net soos U wil”. Die volgende oomblik is daar ‘n doodse kalmte. Amper te bang om my oë oop te maak; maar ek kyk op - Verbasing en vreugde spoel deur my lyf en deur my siel. My kamer is pragtig! Netjies, skoon en aan die kant, oranje van kleur. ‘n Pragtige sonstraal skyn waar die Bybel staan, en langs hom is ‘n liefdesbrief. Ek tel hom op met bewende hande; oë vol trane, lees ek die brief met vreugde:

**“My liefste kind,**

**Ek het jou lief met my hele lewe - onthou dit! Die enigste manier hoe jy hierdie kamertjie van jou hart so pragtig kan hou, is om My te vertrou. Om die venstertjie van jou hart toe te hou, sonder dat die winde dit oopwaai, moet jy ELKE woord wat uit my mond kom gehoorsaam; en wees ‘n dader van My woord en nie net ‘n hoorder nie. Om in God te glo, is net die eerste stap.**

**Liefde, Jesus.”**

### **Jesaja 9:1**

*“Die volk wat in duisternis wandel, het ‘n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het ‘n lig geskyn.”*

## Vergifnis I

Terwyl Hy aan die tafel sit  
huil 'n sondige vrou

haar trane wat drup oor sy voete  
droog sy met haar hare af,  
soen hulle en salf hulle met reukolie  
uit 'n albastefles

sy voete waaroor trane gedrup  
en reukolie geloop het:  
uit hulle sou die bloed terugvloei  
na die aarde  
ter vergiffenis

## Vergifnis II

Simon

Ek het iets om jou te sê

na jou huis het Ek gekom  
met 'n soen is Ek nie gegroet  
en water vir my voete was daar nie

vir jou is min vergewe  
want jou liefde is so min

Simon

sien jy hierdie vrou

My voete nat van haar trane  
het sy met haar hare afgedroog  
hulle met reukolie gesalf  
en gesoen

haar sondes was baie  
nou  
ken sy die grootheid van liefde

### *Jeremia 31: 18 - 19*

*U het my getugtig en ek het my laat tugtig soos 'n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die Here my God. Want nadat ek tot inkeer gekom het, het ek berou gehad; en nadat ek tot insig gekom het, het ek op die heup geslaan; ek het beskaamd gestaan, ja, ook in die skande gekom, omdat ek die smaad van my jeug dra.*

### **VROU VAN DIE BYBEL**

Met die regte gesindheid kan God berge versit. Wat die Here die graagste wil hê, is 'n hart wat alleen op God staatmaak.

Die prostituut wat vergifnis ontvang het, het besef dat hoop en vergifnis net van Jesus af kon kon. Oorvloedige vergifnis het haar hart met oorvloedige liefde gevul. Sy het volledig op Jesus staatgemaak en in totale oorgawe haar allerbeste vir Hom gegee. Niks wat jy gedoen het of wie jy is behoort jou weg te hou nie. Kom met die regte gesindheid na Jesus toe en laat Hom toe om jou lewe om te keer. Niks is vir Hom te veel as die grond van jou hart vrugbaar is nie.



## Psalms 103:1 - 22

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend. Die HERE doen geregtigheid en reg aan almal wat verdruk word. Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy dade. Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is. Die mens—soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. As die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie. Maar die goedertierenheid van die HERE is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om dié te doen. Die HERE het sy troon in die hemel gevestig, en sy koninkryk heers oor alles. Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskaare, sy dienaars wat sy welbehae doen! Loof die HERE, al sy werke, op al, die plekke van sy heerskappy! Loof die HERE, o my siel!



Grootheid

My Heer en Skepper,  
Misteries is U weë.

Vol verrassings,  
Om elke hoek-en-draai.

Ek staan in verbasing,  
Dit is U krag in aksie.

U is: My daaglikse brood;  
My lig in die duisternis;

My hoop vir sonde vergewe;  
My genade en krag.

Wanneer ek op knieë val,  
Voor U buig,

In ontsag en adorasië,  
Ken ek U teenwoordigheid.

My vergifnis,  
'n asemteug weg!

U is werklik 'n God,  
Van onbeskryflike,  
Liefde En genade.

## VROU VAN DIE BYBEL

Die vrou by die put, ook bekend as die Samaritaanse vrou, word nooit by die naam genoem in die Bybel nie. Daar word ook niks gesê oor hoe mooi sy was of hoe sy aangetrek het, of wat haar sosiale status was nie. Die Woord vertel ons min oor wie sy regtig was. Al wat ons weet, is dat sy 'n valse godsdiens aangehang het en dat sy haar leë lewe met die dinge van hierdie wêreld probeer volmaak het. Na die dag waarop sy Jesus ontmoet het, sou haar lewe nooit weer dieselfde wees nie. In die verlede het sy uit die putte van die lewe gedrink, maar dors en innerlike behoefte het haar leeg teruggebring. Eers toe sy van die lewende water van Jesus kon drink, het sy ware tevredenheid gevind. Die Bybel vertel dat sy inderwaarheid deur waterkruike by die put agtergelaat het. Dit sou vir die wêreld bewys dat sy nie meer aardse dorslessers nodig gehad het nie. Jesus was al wat sy nodig gehad het. Die mans in haar lewe, haar sondes en haar mislukkings het alles behoort tot 'n vorige lewe wat sy eenmaal geleef het. In plaas daarvan om antwoorde te soek, kon sy nou vir die mense van haar dorpie antwoorde gee toe sy vir die mans, vroue en kinders kon sê:

*"...Kom en ontmoet die man wat my alles van myself vertel het. Is hy nie die Christus nie?"*





ontruk  
losgeskeur  
elke glansende ster  
versplinterde konstellasie soos aardse vuurwerk  
meteorsneeu op aarde  
(nee nie vrede nie)  
val ook op my  
bloederig my geskaafde  
skouers geboë rug  
onder die gewig van  
hierdie kruis  
in die sneeu agter my  
volg 'n pad  
nou oopgesleepte pad  
dis die kruispaal wat  
skeur deur sneeu  
die koue dieper  
dieper oop-  
ploeg

ek hou  
aan  
al is  
ek moeg

want U het gesê:  
*\*My genade is vir jou genoeg*

*\*2 Korintiërs 12:9*

Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag. As ons dan die geslag van God is, moet ons nie dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie. God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek. ~ ~ Handeling 17:26 - 31



## Jou Redder Is Naby!

Here my God,  
Waarheen nou?  
Dit is so alleen en koud!  
Vader waar is U,  
In my benoudheid,  
En my alleenheid?

Engelstemme vul die lug

“Prys hom met al jou krag,  
Jou redder is naby.  
Lug jou oë op na jou Skepper,  
Rus in sy liefde en genade.  
Lig jou hande op!  
Prys Hom met jou hele siel.  
Weet dat jou maker is in beheer.  
Kyk terug oor jou skouer,  
Daar is net een stel voetspore.  
Weet dat Jesus jou dra,  
Deur jou swaarkry en alleenheid.  
Met sy liefde en genade,  
Vrylik gegee, ongeag alles!”



## Millennium-offer

met helder klank van 'n trompet  
wil ek die donker na sy nagskuur stuur  
met viool en klarinet  
wil ek die rooidag langsaam wek  
oor as van oujaarsvuur

met klokkies en pers klossies  
aan my klam blou kaftansoom  
met uitgestrekte arms waaraan  
trossies wierookskulpe klingel  
wil ek aan U eer betoon

op 'n altaar van dryfhout  
uit U ou-ou see  
het ek 'n strandoffer uitgelê:  
klippies skulpe stukkies glas en 'n veer  
- die beste wat die nag se see kon gee -  
*stuur nou Heer U Goddelike vuur*

### Romeine 12:1 - 2

*Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer; dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.*

## VROUE VAN DIE BYBEL

Die verhaal van Ragab was 'n prentjie van God se oorfloedige liefde en genade. Sy was 'n "vrou van die nag" en vreemdeling vir die Here en Sy mense. Tot die dag dat sy die moed gehad het om God vir NUWE LEWE te vra. Deur daardie stap in Geloof en Genade het sy 'n Vader ontdek wat sou liefhê en omgee asof sy 'n bloedverwant was.



Stadig kruip die son oor die berge;  
Bloedrooi skynsels hang aan die wolke vas;  
Strale veg om deur die dik donker wolke te skyn;  
Lig strale syfer stadig;  
een vir een deur die dik gepakte wolke.

Stadig maak die wolke plek vir die lig  
die lig wat stadig die donkerte stuk vir stuk verdring  
Heer U genade en liefde oorbrug alle donker wolke  
wat probeer om ons te verdring

U omsingel ons met u genade en goedheid  
Wanneer ons ons oë oplig na U  
En deur lof en prys U naam groot maak  
Vul U ons met u gees

U woord word ons lig op die donker pad  
U liefde en genade ons voetstoel  
U Heilige Gees ons fontein van verfrissing  
Heer, U beskerm ons teen die aanslae van die lewe  
Deur wysheid en genade wat ons van U af kry

Hou ons oë op U  
Ons harte loop oor van dankbaarheid en liefde vir U  
U is ons koning en verlosser  
Halleluja, prys U naam





**V**rede en berusting, Heer  
is wat ek vra  
en – as dit U wil is –  
krag  
om my  
teen dié opdraandpad  
te dra

Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees? As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet — my teëstanders en my vyande, ja, myne — struikel hulle self en val. Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek. Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots. En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE. Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my. Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE! Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil! Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die HERE sal my aanneem. HERE, leer my u weg en lei my op 'n gelyk pad, vanweë my vyande. Gee my nie oor aan die begeerte van my teëstanders nie, want valse getuies het teen my opgestaan, en hy wat geweld uitblaas. O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die HERE sal sien in die land van die lewendes nie.... Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!

Liewe leser:

As hierdie boekie jou hart aangeraak het, wil ons vra dat jy die volgende verse oordink: “*God het die wêreld so lief gehad dat Hy se enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*” Johannes 3:16. God wil nie net jou hart aanraak nie; Hy wil jou ook oorfloedige lewe gee in ’n verhouding met Hom. As jy wil hê dat God dit moet doen, bid dan vandag nog die volgende gebed; moenie uitstel nie:

*Liewe Vader*

*Vader, ek erken dat ek ’n sondaar is en die Heerlikheid van God kortkom. Vader, ek beseef dat ek U hulp nodig het! Ek aanvaar dat U U enigste, geliefde Seun gegee het om vir my aan die kruis te sterf. Ek vra U, Jesus, om in my hart in te kom en my te reinig van sonde. Ek glo nou dat ek weer gebore is en dat ek in die familie van God gebore is. Dankie, Jesus, dat my sonde nou weggewas is.*

*Amen*

As jy hierdie gebed gebid het, moenie huiwer nie om ons vandag nog te skakel, sodat ons jou kan bystaan op jou pad met Jesus.

Skryf aan ons:

**Reflections**

Posbus 26730,

Gezina,

0031,

Pretoria,

Republiek van Suid-Afrika

E-pos:

reflections@ear2hear.co.za

Telefoon:

+027 083 429 1284

Besoek ons Webwerf:

www.ear2hear.co.za



Die volgende gedigte / skryfwerk is in hierdie boekie gepubliseer:

- |                            |                         |
|----------------------------|-------------------------|
| ▪ Te Laat                  | ~ Deur Tillie Ellis     |
| ▪ Swaard sal deur jou siel | ~ Deur Jopie Koen       |
| ▪ Die Kamer                | ~ Deur Esther Veldman   |
| ▪ Vergifnis I              | ~ Deur Everline Van Dyk |
| ▪ Vergifnis II             | ~ Deur Everline Van Dyk |
| ▪ U Grootheid              | ~ Deur Tillie Ellis     |
| ▪ Kruispad                 | ~ Deur Everline Van Dyk |
| ▪ Jou Redder Is Naby       | ~ Deur Tillie Ellis     |
| ▪ Millennium-offer         | ~ Deur Everline Van Dyk |
| ▪ Genade                   | ~ Deur Tillie Ellis     |
| ▪ Gebed vir Genade         | ~ Deur Jopie Koen       |

Voorbladkuns “Lewende Hoop” geskilder deur Renè Snyman. Jy kan Renè en haar ongelooflike werk ondersteun deur haar webwerf te besoek by die volgende web-adres: [www.renesnyman.com](http://www.renesnyman.com)

Boekuitleg en ontwerp deur Dwayne Foxley

Taalversorg en vertaal deur Mev. Barbara Bradley

Spesiale dank aan:

- ear2hear Ministries-publikasiespan.

Die volgende weergawes van die Bybel word aangehaal:

© Die Bybel (Afrikaans):

Kopiereg 1983

ALLE REGTE INTERNASIONAAL VOORBEHOU.

Gebruik met die toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

**Uittgewers:** ear2hear Ministries

Posadres: Posbus 26730,  
Gezina,  
0031,  
Pretoria,  
Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: +27 083 429 1284

E-pos: info@ear2hear.co.za

Webwerf: www.ear2hear.co.za

© Eerste uitgawe 2009

Hierdie werk is onderhewig aan kopiereg. Geen deel daarvan mag in enige vorm of op enige wyse gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie werk sal neerkom op 'n skending van kopiereg en die persoon wat dit doen, blootstel aan siviele en kriminele vervolging.

Hoewel alle redelike voorsorg getref is om te verseker dat die inligting wat in hierdie werk gepubliseer is, korrek is, aanvaar die redakteurs, uitgewers en drukkers geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat enigiemand mag lei as gevolg van die aanvaarding van informasie wat hierin vervat is nie.



## **Uitstekende hulpbronne vir jou!**

Nog 'n paar uitstekende hulpbronne vir die 21ste-eeuse Christen van ear2hear Ministries:

### **ear2hear Webwerf**

'n Bedienings webwerf met ongelooflike, vars, relevante inhoud om jou te help in jou geestelike wedloop. Laat weet ons van jou behoeftes sodat ons span vir jou kan bid. Luister na geseënde oudiodienste, vind uitdagende Bybelstudies om jou te inspireer. Lees gedigte en ander skryfwerk, deel getuienisse en versier selfs jou rekenaarskerm met 'n agtergrond met 'n Bybelse tema. Dit en baie meer kan aanlyn gevind word by [www.ear2hear.co.za](http://www.ear2hear.co.za)

### **Die Verfrissing**

Weeklikse dissipelskap-nuusbriefe om die kind van God te help om die uitdagings van geestelike groei die hoof te bied. Beskikbaar in Engels, Afrikaans en binnekort ook in ander tale.

### **Oorpeinsing - vir Vroue**

Bediening spesiaal vir die geestelike behoeftes van die vrou. Met weeklikse bydraes van geseënde skrywers.

### **ear2hear Netwerk**

Sou jou kerk, selgroep of bediening, groot of klein, daarin belangstel om met ons te skakel en netwerk? Word dan deel van die ear2hear Ministries-netwerk en raak betrokke by groot geestelike bouwerk vir die Koninkryk van die Hemel.

ear2hear Ministries  
Presents



*Reflections*  
Womens  
Conference  
2010

Register Now!

Call: +270 834 291 284

Visit: [www.ear2hear.co.za](http://www.ear2hear.co.za)

E-mail: [reflect2010@ear2hear.co.za](mailto:reflect2010@ear2hear.co.za)